

Johannes 16: 1 – 14!!

Teks van Oordenking: Johannes 16 : 7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle **voordelig** dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, **sal die Trooster nie** na julle kom nie; *maar* as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;
TEMA: DIE ENKEL GROOTSTE VOORDEEL VAN JESUS SE HEMELVAART !! (Deel 1).

So tydjie terug het iemand die opmerking gemaak:

- Ø Sou dit nie wonderlik gewees het as Jesus nog op aarde was nie. Dink net daaraan, ons sou aan Hom kom raak, Hom sien en hoor. Dit sou soveel makliker gewees het om Hom te dien!!!
- Ø Miskien is u ook van mening as die dinge in u lewe vir u te veel raak – sou dit nie wonderlik gewees het as Jesus nog op aarde geleef en gewandel het nie!!
- Ø Ten spyte van ons gedagtes hieroor kom Jesus en antwoord Sy dissipels wat miskien ook so gedink het baie duidelik as Hy sê in: Johannes 16 : 7: Dit is vir julle **voordelig** dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, **sal die Trooster nie na julle kom nie**; *maar* as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;

Watter voordeel is daar dan hierin??

- Ø U sou onthou dat Jesus, as God wat mens kom word het, plek en gebiedsgebonde was.
- Ø As Jesus in Galilea was, kon hy nie as mens op dieselfde tyd in Samaria gewees het nie!! Onthou u nog die vertelling van Lasarus se dood in Johannes 11??
- Ø **Joh 11:32** En toe Maria kom waar Jesus was en Hom sien, val sy aan sy voete neer en sê vir Hom: Here, **as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie.**
- Ø Met ander woorde, Jesus was op een plek op 'n slag – en daarom sê Jesus as Hy heengaan sal Hy nie by hulle wees nie – MAAR IN HULLE. Altyd by hulle!!
- Ø **Joh 14:16 . 2Ti 1:14**
- Ø Die voordeel lê juis hierin dat elke kind van die Here die Gees te VOLLE ontvang by wedergeboorte om in hulle te woon en te bly tot in Ewigheid!!
- Ø Dit is dan ook juis die Gees van God wat ons al leer en lei, ons sal oortuig en bewaar dag vir dag en tree vir tree soos ons die geestelike pas bewandel!!

VHEILIGE GEES: beteken: “parakleitos” Helper, langsaan geroepene: {Terme wat gebruik en bekend was uit die eertydse krygskunde: 2 soldate >> Rug teen rug: Jou gevegsmat was jou parakleet}. **Beteken ook:** To encourage , To exhort. Om te bemoedig, te waarsku, by te staan, te ondersteun ens....

Lees so tydjie terug hierdie pragtige opmerking deur:

Dr [Alan Redpath](#)

Jesus het gegaan om vir ons plek gereed te maak en die Heilige Gees is gestuur om ons vir daardie plek voor te berei!!

- ∅ Ongelukkig moet ons ook die negatiewe kant stel en dit is dat die meeste wat praat, preek en skryf oor die Heilige Gees nie 'n idee het waarom dit gaan nie!!
- ∅ Ons bevind onself in 'n tyd waar daar meer oor die Heilige Gees gepreek en geskryf word as ooit in die verlede EN TOG is daar 'n BABELSE verwarring oor wie die Gees is en hoe Hy werk!!
- ∅ Predikers en mense maak van die Heilige Gees iemand wie Hy nie is nie.
- ∅ Hoeveel 1000de, miljoene is verward as dit kom by die leer aangaande die Heilige Gees omdat alles vreemds, nuuts en vermaakliks aan die werking van die Gees toegeskryf word!!.
- ∅ Ons hoor so dikwels as iemand in 'n vreemde brabbel taal praat sê almal dit is die Heilige Gees. As iemand omval in die Gees = H.G
- ∅ As iemand Profeteer is dit die Heilige Gees!!
- ∅ Ons verwys so graag na die Heilige Gees as 'n krag, as energie, as iets i.p.v. iemand!!
- ∅ Ons maak van die Heilige Gees iets en iemand wat Hy nie is nie!

Mense is verward oor wanneer ontvang ek die Heilige Gees, Hoeveel ontvang ek van die Heilige Gees, moet ek later nog meer ontvang ens, ens...

- ∅ Daarom moet ons in hierdie paar dae gaan kyk na **Wie** die Heilige Gees is en **hoe Hy werk!!** U sien: Die Kerk van Jesus kan nie sonder die Heilige Gees voortbestaan nie!!
- ∅ **Daarom moet ons vanoggend net so kort inleidende studie doen oor wie die Heilige Gees is en daarna sal ons bietjie stilstaan by Sy werking!!**

[Wie is die Heilige Gees!!](#)

- ∅ Die eerste en eenvoudigste antwoord is: Die Derde Persoon van die Goddelike Drie-Eenheid.
- ∅ **Maar wat beteken dit, en hoe kan ek dit beter verstaan vanuit die Woord van God??**

[Oorgang!!](#)

- ∅ Wil ons vanoggend so bietjie 'n Bybelstudie doen van wie die Heilige Gees is, en dan vanaand en verder, wat sal Hy doen – Sy taak, doel en rol!!

1. ONS VIND VERSKILLENDE NAME VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE BYBEL!!

- Ø Die Gees; 1 Kor. 2:10.
- Ø Die Gees van God; 1 Kor. 3:16.
- Ø Die Heilige Gees; Luk. 11:13.
- Ø Die Gees van heerlijkheid; 1 Pet. 4:14.
- Ø Die Gees van die Here; Jes. 11:2.
- Ø Die ewige Gees; Heb. 9:14
- Ø Die Trooster; Joh. 14:16
- Ø Hy word onderpand genoem; Ef. 1:14 à **Al hierdie benaminge verwys na die genadige werk van die Heilige Gees in en vir die mens.**

2. ONS VIND VERSKILLENDE SIMBOLE WAT GEBRUIK WORD VIR DIE HEILIGE GEES!!

- | **Hy word vergelyk met vuur {Matt 3:1 vgl Hand 2:3}**
- | Vuur illustreer die reiniging, loutering, ywer en geesdrif wat deur die Heilige Gees gewerk word.

- | **Hy word vergelyk met water {Joh 7:38,39}**
- | Dit wat water in die materiële wêreld doen, doen die Heilige Gees in die geestelike lewe. Water les die dors, reinig en verfris en skep vrugbaarheid waar daar onvrugbaarheid was. Dit verwyder besoedeling en herstel die reinheid. Die Heilige Gees is net so onmisbaar in die geestelike lewe as wat water vir die fisiese lewe is.

- | **Hy word vergelyk met asem en wind {Joh 3:8 en Gen 2:7 vgl Job 33:4}**
- | Die Heilige Gees is soos die wind onsigbaar en onmisbaar. Sonder lug in beweging is daar geen lewe nie. Wind of asem is lewegewend. Waar die Heilige Gees as wind of asem werksaam is, daar sal lewe kom.

- | **Hy word gesimboliseer deur die duif {Luk 3:22}**
- | Soos die duif word die Heilige Gees gekarakteriseer deur Sy minzaamheid, teerheid, vrede en geduld. Dieselfde eienskappe wil die inwonende Gees in die harte van Sy kinders werk.

- | **Hy word gesimboliseer deur olie: { Luk 4:18; Hand 10:38; Heb 1:9; 1 Joh 2:20 }**
- | Die Nuwe Testament spreek telkens van die salwing van die Heilige Gees soos daar in die Ou Testament met olie gesalf is. Hierdie is blykbaar die mees bekende en algemene simbool van die Heilige Gees. Olie is algemeen gebruik in die seremonies van die Ou Testament asook vir voedsel, lig, smering, genesing ens.

3. Die Bybel is verder baie duidelik dat die Heilige Gees 'n PERSOON is!!

- Ø Verskeie voornaamwoorde wat duidelik 'n persoon veronderstel word herhaaldelik vir die Heilige Gees gebruik bv. **Joh 15:26** [Joh 16:7,8,13,14]
- Ø Die gebruik van hierdie voornaamwoorde is merkwaardig vanweë die feit dat in die Griekse taal die woord vir Gees 'n neutrale naamwoord is. Ooreenkomstig die Griekse gebruik, behoort die vnw wat daarheen verwys neutraal te wees, en tog word in baie gevalle die manlike voornaamwoord gebruik. Dit bring die Bybelidee baie sterk uit dat die persoon van die Heilige Gees die grammatikale bou oorheers.

3.1. Karaktertrekke van 'n persoon word aan die Heilige Gees toegeskryf!!

- Ü Die Heilige Gees het 'n wil. **1 Kor 12:11**
- Ü Die Heilige Gees het 'n verstand. **Rom 8:27**. { Die Woord wat hier met bedoeling vertaal word, sluit die idees van gedagte, gevoel en doel in }.
- Ü Die Heilige Gees kan liefhê, **Rom 15:30**.
- Ü Goedheid en verstand word aan die Heilige Gees toegeskryf. **Neh 9:20**.
- Ü Die Heilige Gees besit kennis. **1 Kor 2:10,11**.
- Ü Die Heilige Gees kan bedroef word. **Ef 4:30**.
- Ü Die Heilige Gees besit woorde om ander te leer. **1 Kor 2:13**.
- Ü Die Heilige Gees besit self krag wat Hy aan ander meedeel. **Rom 15:13 en 19**. { Die Heilige Gees is dus nie die Goddelike krag nie maar Hy is die Goddelike persoon wat die krag besit en aan ander meedeel }.

3.2. Die dade van 'n persoon word aan die Heilige Gees toegeskryf!!

- ✓ Die Heilige Gees ondersoek die diep dinge van God. **1 Kor 2:10**
- ✓ Die Heilige Gees praat. **Opb 2:7**.
- ✓ Die Heilige Gees roep. **Gal 4:6**
- ✓ Die Heilige Gees doen voorbidding. **Rom 8:26**
- ✓ Die Heilige Gees leer in alle waarheid. **Joh 14:26; Joh 16:12-14; Neh 9:20**.
- ✓ Die Heilige Gees getuig. **Joh 15:26**.
- ✓ Die Heilige Gees lei of wys mense wat om te doen. **Rom 8:14**.
- ✓ Die Heilige Gees gaan op die sending uit waartoe Hy gestuur is. **Joh 14:26**.
- ✓ Die Heilige Gees roep en stel mense vir ampte aan. **Hand 20:28**.

Ø Die amp van die Heilige Gees is 'n persoonlike amp. 'n Amp word aan die Heilige Gees toegeskryf wat alleen aan 'n persoon toegeskryf kan word.
Joh 14:16,17.

Ø Dit is die amp van die Heilige Gees om 'n Trooster" (of parakleet) te wees. Die EEN wat van die Vader en die Seun uitgaan tot Hulp en steun aan die Heiliges!!

Ø **Behandeling word aan die Heilige Gees toegeskryf wat alleen aan 'n persoon toegeskryf kan word.**

- | Die Heilige Gees kan bedroef word. Ef 4:30
- | Die Heilige Gees word gesmaak. Heb 10:29.
- | Daar kan teen die Heilige Gees gelieg word. Hand 5:3
- | Daar kan teen die Heilige Gees gelaster word. Matt 12:32,32.
- | Die Heilige Gees kan weerstaan word. Hand 7:5

4. DIE GODHEID VAN DIE HEILIGE GEES!!

Ø **Die Nederlandse Geloofsbelydenis aangaande die Godheid van die Heilige Gees. Art. XI**

- Ø Dat die Heilige Gees waaragtig en ewig God is.
- Ø Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid af
 - | van die Vader (**Joh 14:16; Joh 14:26; Joh 15:26**)
 - | en die Seun uitgaan (**Joh 16:7; Rom 8:9; Gal 4:6; Fil 1:19; 1 Pet 1:11**)
- Ø dat Hy nie gemaak of gebore is nie, maar alleen van albei uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon is van die Drievuldigheid, van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun; ja Hy is waaragtig en ewig God, soos die heilige Skrifte ons leer.
(**Job 33:4; Ps 139:7-10; Hand 5:3,4; Rom 8:11; Heb 9:14**)
- Ø Hy is nie derde omdat Hy ondergeskik is aan die Vader en die Seun nie, nie een van die Drie-eenheid is ondergeskik aan die ander nie.
- Ø Hy word derde genoem weens Sy bepaalde openbaring en werk.
(**Matt 28:19; 2 Kor 13:13**)
- Ø Die orde in Goddelike werking is: Alles geskied vanaf die Vader, deur middel van die Seun en gedoen deur die Heilige Gees.

4.1. Bewyse vir die Godheid van die Heilige Gees.

- Ø Die **Skrif verklaar Hom as God.** Hand 5:3,4
- Ø Sy **Goddelike attribute** bewys Hom as God.
 - | Hy is ewig. **Heb 9:14**
 - | Hy is alomteenwoordig. **Ps 139:7-10**
 - | Hy is almagtig. **Luk 1:35**
 - | Hy is alwetend. **1 Kor 2:10,11 en Joh 14:26**
- Ø Verklarings in die Ou Testament wat na Here of God verwys, **word op die Heilige Gees in die Nuwe Testament toegepas** en bewys Hom as God.
 - | Vergelyk Jes 6:8-10 met Hand 28:25-27.
 - | Vergelyk Ps 95:8-11 met Heb 3:7-9.

4.2. Sy dade bewys Hom as God!!

- F Die skepping word aan die Heilige Gees toegeskryf. Job 33:4; Ps 104:30
- F Die medeling van lewe word aan die Heilige Gees toegeskryf.
2 Sam 23:2,3; 2 Pet 1:2

- ƒ Die outeurskap van Goddelike profesieë word aan die Heilige Gees toegeskryf. **2 Sam 23:2,3;**
- ƒ Hy bewerk die wedergeboorte. **Joh 3:5-8.**
- ƒ Hy deel in die werk van regverdigmaking. **1 Kor 6: 11**
- ƒ Hy maak sterflike liggame lewendig. **Rom 8:11**
- ƒ Die Outeurskap van Goddelike Profesieë word aan die Heilige Gees toegeskryf!! **2 Pet 1:21**
- Ø Die manier waarop die Naam van die Heilige Gees met dié van God verbind word, bewys Hom as God. **1 Kor 12: 4 – 6; Matt 28: 19; 2 Kor 13:13.**

SLOT: Opsomming!!

Ø *Wie is die Heilige Gees!!*

Ø **1. ONS VIND VERSKILLENDE NAME VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE BYBEL!!**

Ø **2. ONS VIND VERSKILLENDE SIMBOLE WAT GEBRUIK WORD VIR DIE HEILIGE GEES!!**

Ø **3. Die Bybel is verder Baie duidelik dat die Heilige Gees 'n PERSOON is!! Die dae Karaktertrekke**

Ø **4. DIE GODHEID VAN DIE HEILIGE GEES!!**

Ø Dit is in soverre ons die Heilige Gees vanuit die Bybel kan beskryf.

Ø Ons gedagte is egter te klein en ons verstand te beperk om die volle omvang en diepte van God die Heilige Gees te bepaal en te begryp à **Ons sing dikwels!!**

Ges 245 vers 11

EWIG-ONBEGRYPLIK' WESE,

Romeine 11:33 – 36.

Ø Ons moet by hernuwing gaan stilstaan en onself afvra: Ken ek die Heilige Gees van God.

Ø Besef ek werklik wie in my as kind van God kom woning maak het.

Ø Verstaan ons dat die teenwoordigheid van die Heilige Gees is die teenwoordigheid van God self in ons lewe??

D. L. Moody het gesê:

As 'n mens sonder die Heilige Gees 'n Christelike lewe probeer lei,
kan jy net sovel sonder ore probeer hoor of sonder longe probeer asem haal!!

Alan Redpath het gesê:

Jesus het gegaan om vir ons plek gereed te maak en die Heilige Gees is gestuur om ons vir daardie plek voor te berei!!